

Waarom Afrikatale ook verdien om by die tafel van kennis aan te sit

Gibson Ncube*

Waarom word Afrikatale steeds so min in ons skole en universiteite as die taal van onderrig gebruik? Hoekom sien ons nie meer gepubliseerde akademiese navorsing in hierdie tale nie? Ondanks die feit dat Afrika die tuiste van meer as [2 000 ryk en dinamiese tale](#) is – elkeen wat ’n unieke blik op die wêreld en die begrip daarvan bied – maak ons steeds grootliks op koloniale tale soos Engels, Frans en Portugees staat. Wat sê dit oor die waarde wat ons aan ons eie taalkundige en intellektuele erfenis heg? Aangesien ons op 25 Mei [Afrikadag](#) vier, is dit die gepaste tyd om te besin oor die rol wat Afrikatale vandag in ons lewens speel.

Afrikatale word vir te lank al gemarginaliseer. Hulle is by belangrike ruimtes soos navorsing, opvoeding en beleidsvorming uitgesluit, terwyl dit juis dáár is waar hulle moes floreer. Hierdie tale word dikwels slegs as tale beskou wat net vir storievertelling en daaglikse kommunikasie geskik is. Dit word dikwels as ondenkbaar beskou dat hierdie tale in die wetenskap, reg of onderwys – van laerskool- tot op universiteitsvlak – gebruik kan word. Hierdie beskouing – ’n erfstuk van die koloniale tye – het die groei en intellektualisering van Afrikatale teruggehou.

Die werklikheid is egter dat Afrikatale soveel meer kan doen as om net kultuur en identiteit te bewaar. Dit het die wysheid, etiek en wêreldbeskouings wat samelewings in Afrika vir verskeie geslagte lank gevorm het, oorgedra. Hierdie tale is ryk aan kennis, wat strek van tradisionele geneeskunde tot volhoubare boerdery, van mondelinge filosofie tot gemeenskapsleierskap, en ons behoort dit te benut.

Dui die pad aan

Dit is baie duidelik dat die onderwysstelsel een van die kernprobleme kan wees. Die meeste leerders en studente regoor Afrika ontvang van dag een af onderrig in koloniale tale. Afrikatale word as minderwaardige vakke behandel. Dit sonder talle mense af van hulle herkoms en is hulle nie in staat om hulleself ten volle uit te druk of idees in hulle moedertaal te verken nie.

Selfs navorsing oor Afrika-probleme deur vakkundiges van Afrika word gewoonlik in koloniale tale geskryf en gepubliseer. Dié situasie beteken dat belangrike kennis gereeld nie die einste gemeenskappe bereik wat die meeste daarby kan baat nie.

Indien die onderwysstelsel gedeeltelik skuld het hieraan, moet skole en universiteite ’n belangrike rol speel om die situasie reg te stel. Dit sal die ontwikkeling van uiteenlopende akademiese bronne in hierdie Afrikatale behels. Vakkundiges sal ook nog meer van hulle navorsing in hierdie tale moet publiseer. Daar moet ook doelbewuste pogings aangewend word om die leer en onderrig van Afrikatale, asook die gebruik daarvan as onderrigtaal regoor die vasteland, te verhoog.

Intellektualisering

Daar is tog lig aan die einde van die tunnel. Daar is reeds klein, maar belangrike stappe gedoen om meer waarde aan Afrikatale te heg. Ek sal drie voorbeelde uit Suid-Afrika verskaf. Eerstens is daar die werk deur akademiese vaktydskrifte soos die [*South African Journal of African Languages*](#) (SAJAL), waar ek as die huidige hoofredakteur werk, gedoen word. SAJAL het sedert die ontstaan daarvan in die 1980's, werk in en oor Afrikatale laat verskyn. Daar is die afgelope jare ook meer artikels in Afrikatale geskryf. Wat interessant is, is dat die artikels waarna daar die afgelope twee jaar die meeste verwys is en wat in hierdie tyd gelees is, in Afrikatale geskryf is. Dit doen aan die hand dat vakkundiges wel daarin belangstel om met kennis om te gaan in die tale wat hulle praat en waarin hulle droom en lewe.

Die bekleër van die [ABSA-leerstool in Datawetenskap aan die Universiteit van Pretoria, prof Vukosi Marivate](#), het veral baanbrekerswerk ten opsigte van die gebruik van Afrikatale in die wetenskap gedoen. Marivate se navorsing fokus op masjienleer en natuurlike taalverwerking (beter bekend as NLP) met 'n spesifieke belangstelling daarin om hulpbronne en datastelle vir Afrikatale te ontwikkel – wat verseker dat [KI-tegnologieë](#) die vasteland se taalkundige diversiteit doeltreffend kan dien. Hy het ondermeer gehelp om Masakhane – 'n plaaslike netwerk van meer as 1 000 navorsers, sagteware-ingenieurs en taalkundiges uit 30 Afrikalande – op die been te bring. Hierdie inisiatief is toegewy daaraan om NLP-navorsing in Afrikatale deur Afrikane vir Afrikane te bevorder.

Die werk deur my kollega, dr Simthembile Xeketwana, is nog 'n voorbeeld. Sy boek, [ULwimi kwezeMfundo kwiNtlalopolitiko noLuntu](#), met prof Linda Kwatsha van Rhodes-Universiteit as mederedakteur, is die eerste akademiese volume wat in isiXhosa geskryf en geredigeer is. Hierdie boek en die werk wat in die publiserings daarvan ingegaan het, is tekenend van 'n belangrike prestasie en mylpaal in die bevordering van die vakkundigheid van Afrikatale in Suid-Afrika. Hierdie boek daag die marginalisering van inheemse tale in akademiese ruimtes uit en bied 'n tasbare voorbeeld van hoe vakkundigheid gedekoloniseer kan word deur Afrikatale in die voorgrond te plaas. Hierdie drie voorbeelde toon dat Afrikatale gebruik kan word om belangrike navorsing op die vasteland aan te pak.

Belegging

So, wat moet volgende gebeur?

Twee belangrike kwessies moet in ag geneem word. Eerstens moet ons ophou om Afrikatale, veral in verhouding tot koloniale tale, as minderwaardig te behandel. Ons moet in menslike hulpbronne én finansiële hulpbronne belê om dit te ontwikkel. Ons moet woordeboeke, skoolboeke en ook wetenskaplike terminologie in plaaslike tale skep. Tweedens moet hoëronderrigsinistellings meer doen om navorsing en onderrig in Afrikatale aan te moedig en te

ondersteun. Lande soos China, Japan en vele ander in Europa het se ekonomiese moondhede geword wat hulle vandag is danksy hulle belegging in hulle tale.

Die bevordering van Afrikatale is nie net 'n taalkundige kwessie nie. Dit is ook kwessie van geregtigheid, waardigheid en insluiting. Dit gaan ook daaroor dat Afrika en sy uiteenlopende tale die middelpunt van hulle eie toekoms en ontwikkeling word. Dit is hoogtyd om te erken dat Afrikatale nie 'n hindernis vir kennisproduksie of -ontwikkeling is nie. Afrikatale is inteendeel belangrike komponente wat mense kan verbind om waardevoller, meer inklusiewe en bemagtigde samelewings op die vasteland te skep.

Ons moet ophou vra of ons Afrikatale kan intellektualiseer en of dit in skole en universiteite hoort. Die antwoord is 'n besliste ja. Die werklike vraag wat ons moet vra, is: Waarvoor wag ons om dit 'n werklikheid te maak?

***Dr Gibson Ncube is 'n senior dosent in die Departement Moderne Vreemde Tale aan die Universiteit Stellenbosch. Die menings wat uitgespreek word, is dié van die outeur en weerspieël nie noodwendig dié van die Universiteit nie.**